



Drie-Eenheidsondag

Drie-Eenheidsondag

Drie-Eenheidsondag is 'n unieke feesdag in die Kerkjaar waarop die groter verstaan van die werking en die bestaan van God gevier word. Na Advent, Kersfees, Lydenstyd, Paasfees, Hemelvaart en Pinkster waartydens ons telkens by die belangrike gebeurtenisse in ons heilsgeskiedenis stilgestaan het, word vandag gewy aan die misterie en die grootsheid van God wat ons aanbid.

Op hierdie Sondag eer gelowiges regoor die wêreld die ewige Drie-Enige God: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die vieringe duur net 'n enkele dag wat simbolies is van die *eenheid* van die Triniteit.

Misterie

Misterie is nie iets waarmee ons in die 21ste eeu altyd te gemaklik is nie. Karen Armstrong merk op dat "misterie sedert die Verligting benader is as iets wat eerder opgeklar moet word en nie met heldere en rasonale denke geassosieer moet word nie." Tog is dit juis die misterie van God wat op Drie-Eenheidsondag gevier word en

waarna die skrifgedeelte vir vandag ons uitnooi.

Ons lees hier van Jesus, die Seun van die Mens, wat neergedaal het uit die hemel; van die Vader wat die wêreld so lief gehad het dat Hy sy enigste Seun gegee het; en van die Gees waaruit elkeen gebore moet word om die koninkryk van God binne te gaan. Ons maak dan ook kennis met die man Nikodemus wie se gesprek met Jesus ons uitnooi om dieper oor die misterie van God Drie-Enig en die betekenis daarvan vir ons alledaagse lewens na te dink.

Johannes 3:1-17 (Jesus se gesprek met Nikodemus)

Nikodemus ('n Fariseër en lid van die Joodse Raad, die Sanhedrin) kom in die nag – in die geheim – na Jesus om vas te stel wie Hy werklik is. Hy begin die gesprek deur vanuit die staanspoor te erken dat hulle (die groep Fariseërs waaraan hy behoort) weet dat Jesus van God afkomstig is, maar daar is ander vrae wat in hom leef...

Ons sien dan hoedat Jesus vir Nikodemus op so 'n manier

antwoord wat telkens na iets verder en dieper wys as die raamwerk waarbinne Nikodemus sy antwoorde verwag. Nikodemus is veral verward wanneer hy Jesus hoor praat oor die “geboorte van bo” (soos “weer gebore” in die Grieks teks ook vertaal kan word).

Jesus se antwoord aan Nikodemus strek inderdaad sy grense van verstaan. Dit klaar nie sy vrae op nie, maar onderbreek sy manier van dink. Jesus wys aan hom dat daar meer aan die mens se lewe is as die chronologiese verloop van geboorte tot dood en met sy verwysing na die Vader, Seun en Gees nooi Hy hom uit na ‘n *ander* en *nuwe* lewe en ‘n dieper verhouding met God Drie-Enig wat deur die “geboorte van bo” ingelei word.

Die Drie-Eenheid

Alhoewel die leerstelling van Drie-Eenheid eers in die vierde eeu officieel (met die konsilie van Nicea) geformuleer sou word, en die woorde “Drie-Eenheid” nie in die Bybel voorkom nie, sien ons in ‘n teks soos vandag hoedat God as Drie-Eenheid aan ons openbaar word.

Die Drie-Eenheid word hier aan ons duidelik gemaak as ‘n God-in-verhouding wat ook ons uitnooi om in verhouding met Hom te staan: ons lees van die Vader wat in liefde die Seun na ons toe stuur, van die Seun

wat aarde toe kom, en van die Gees wat wedergeboorte en nuwe lewe in ons bewerkstelling.

Dit is noemenswaardig dat liefde aan die hart van die misterie van die Drie-eenheid staan. Dit is liefde wat in die Drie-Eenheid leef en ons word in liefde ook uitgenooi om in verhouding met God te staan.

Die misterie van God waarmee ons in Johannes 3 kennis maak, is ook die misterie van God Drie-Enig wat in Sy grootsheid en almag *kies* om ons te ontmoet, om ons na ‘n verhouding met Hom uit te nooi en om ons deel te maak van die beweging van liefde.

.....



Hierdie bekende simbool vir die Drie-Eenheid staan bekend as die “triquetra” of die Keltiese knoop. Die Kelte gee al vir eeue op verskillende maniere uiting aan hulle belewenis van die Drie-Eenheid (o.a. deur kunswerke, gedigte, liederen en gebede). Hierdie werke wat regoor die wêreld gebruik word herinner gelowiges daaraan dat die Drie-Eenheid nie net ‘n lering is om te verstaan nie, maar ‘n misterie is om in die alledaagse te beleef; dat dit ‘n ‘n verhouding is waarna ons uitgenooi word.

.....

Vir Kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar die hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Ons ontmoet God

- Laat een persoon 'n openingsgebed doen.
- Lees Johannes 3:1-17 eers hardop waarna tyd gegee word sodat elkeen dit weer kan lees.
- Laat elke persoon deel wat hulle veral opval in hierdie gebeure.

Ons deel met mekaar

- Hoe verstaan jy die Drie-Eenheid? Wat beteken Drie-Eenheidsondag vir jou?
- Wie en hoe is God wat jy in hierdie gesprek tussen Jesus en Nikodemus leer ken?
- Is jy gemaklik met misterie? Wat beteken die misterie van God Drie-Enige wat kies om met liefde in verhouding met jou te staan?

Ons bid saam

- Sluit af met 'n oomblik van stilte en nadenke oor dit wat bespreek is.
- Vra een persoon om die volgende gebed van Richard Rohr te doen:

God vir ons, ons noem U Vader,

God by ons, ons noem U Jesus,

God in ons, ons noem U Heilige Gees.

U is die ewige Geheimenis

Wat bemagtig, toevou, omarm, insluit,

En alles tot lewe wek,

Ook vir ons, ook vir my.

Elke naam skiet ver te kort

Om u goedheid en grootsheid te omvat.

Ons kan slegs deur dit wat bestaan, sien hoe U is.

Ons bid dat ons oë

Vir volkome kyk geopen sal word.

Soos dit was aan die begin, toe en so ook nou,

En van ewigheid tot in ewigheid.

Amen